Here, hoe blymoedig 525



2
Ook in sterwensmarte
weet ons in ons harte:
Ons Verlosser leef!
En die liggaam, sterflik,
sal U onverderflik
eenmaal laat herleef.
Laaste vyand, aardse dood,
hoe ons soms vir jou ook bewe –
Christus is ons lewe!

3
Heer, U gee u lewe,
so word ons vergewe
en verlos van dood.
In u groot ontferming
gee U ons beskerming –
Redder uit die nood!
Ons sal, tot u eer, o Heer,
in u heil met blydskap lewe –
aan u oorgegewe.

Teks: Christoph Neander 1723-1802; *O hoe blij te moede* - Ahasverus van den Berg 1806; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978, gewysig 2001
Melodie: *Jesu, meine Liebe* - Christian Witt 1715 (postuum); aangepas Barmen 1841
Harmonisasie: Werkgroep Kerkmusiek UOVS 1978